## HOOFSTUK 2

## 2 Oriëntering

### 2.1 Die erns van die verskynsel

Die verskynsel van studenteaktivisme wat gedurende die afgelope jare oor die hele wêreld voorgekom het, het miskien, soos nêrens anders nie, in die V.S.A. te voorskyn getree. In meer as een opsig was die verskynsel in Amerika uniek. Dit geld ongetwyfeld ten opsigte van die erns en intensiteit, die omvang en duur asook die byna dra= matiese onverwagsheid en onvoorspelbaarheid daarvan.

Toe dit vir die eerste maal in 1964 uitgebreek het, het dit nie alleen Amerika nie maar ook die hele wêreld verstom laat staan. Dit was geheel-en-al onverwags en daarom het dit die universiteite totaal on= voorbereid oorval.[1] Onverwags was dit omdat dit so onvoorspelbaar was. Letterlik geen enkele wetenskaplike of politikus of iemand an= ders het dit gedurende die vyftigerjare of begin sestigerjare geantisi= peer nie. In 'n moderne hoogs geïndustrialiseerde en skynbaar uiters stabiele samelewing, soos dié van Amerika, het dit onmoontlik geskyn. Wat dit nog skokkender gemaak het, was dat Amerika die eerste was om met hierdie nuwe revolusionêre studentebeweging vorendag te kom. Nie kommunistiese Rusland of Sjina nie, nie die satellietstate

1) Cf. Keniston, Kenneth. Youth and dissent; the rise of a new opposition, pp. 304, 305.

van Oos-Europa of die redelik onderontwikkelde volkere van die wêreld nie, maar reeds die skynbaar mees demokratiese en mees ontwikkelde land van die wêreld, het die matriks of ontwerp daargestel waarvol= gens ander lande ook sou handel. Op die Berkeley-lees kon die stu= denteopstande van Europa en die Derde Wêreld verder geskoei word.

Wetenskaplikes wat gedurende die vyftigerjare studie gemaak het van studentebewegings en van studenteaktiwiteite, het geensins so 'n dras= tiese radikalisasieproses verwag nie. Waaraan dit toegeskryf moet word, kan niemand verklaar nie. Dit is nietemin 'n feit wat in die sewentigerjare, terugsiende op die gebeurtenisse van die vyftiger en sestigerjare, allerweë erken word, dat studenteaktivisme geensins ge= antisipeer is voordat dit op die toneel verskyn het nie. Trouens, sosioloë en wetenskaplikes wat studie gemaak het van die aangeleent= heid, het steeds in die vyftigerjare beklemtoon dat daar 'n duidelike afname in die interesse van die jeug of studente in politieke aange= leenthede gekom het. Daarteenoor het hulle bemerk dat daar klaar= blyklik 'n konformisme onder die jeug ontstaan het, en veral onder studente, wat waarskynlik aangemoedig is deur die hoë mate van seku= riteit wat die Amerikaanse tegnologiese samelewing bied.

'n Groot aantal studies argumenteer dat studente oor die algemeen die volgende karaktertrekke vertoon het: ongeïnteresseerdheid in sake van sosiale en politieke belang, privatisering van die lewe, statusoriënte= ring, nie-betrokkenheid by openbare aangeleenthede, ens. Op grond van verskillende verskynsels soos toenemende ekonomiese welvaart en steeds groter wordende ideologiese pluralisme is selfs die voorspel= ling gewaag dat die jeug steeds sterker die houding van konformisme

sou openbaar.

Richard Flacks beskryf hierdie verskynsel soos volg: „Although some observers reported that some students were searching for 'meaning' and 'self-expression', and others reported the existence of 'subcultures' of alienation and bohemianism on some campuses (Keniston, 1965; Trow, 1962; Newcomb and Flacks, 1963), not a single observer of the campus scene as late as 1959 anticipated the emergence of the organized disaffection, protest and activism which was to take shape early in the Sixties." [2)]

Dat dit 'n hoogs ernstige saak is, erken nie net die betrokke univer= siteite en kolleges, die akademici wat daarvan studie maak en die owerheidsinstellinge wat van tyd tot tyd daarmee gekonfronteer is nie, maar ook die Amerikaanse volk in sy geheel vir wie dit intens raak. Hoe verder die saak ontwikkel het oor die ongeveer sewe jaar vanaf sy begin, hoe ernstiger het dit geword.

Die erns van die situasie blyk duidelik uit die volgende uitspraak van Francis H. Horn: „I see in today's attitudes and actions of the activist students one of the most serious problems our nation and the world are facing. If there is a further excalation of the break= down of law and order, the flaunting of authority, the abandonment

2) Flacks, Richard. The liberated generation: An exploration of the roots of student protest. (In McEvoy, James and Miller, Abraham, eds. Black power and student rebellion. California, Wadsworth, 1969, p. 355.)

of the rule of reason, and the resort to violence, the very existence of our society is at stake. Premier Georges Pompidou of France underlined the gravity of the situation in pleading with French students for a return 'to the voice of reason'. 'It is no longer the govern= ment which is at stake,' he declared, 'nor our institutions, nor even France. It is our civilization itself.' President Kirk of Columbia university, which has faced the most prolonged and certainly most publicized trouble this spring, has stated: 'Our young people in dis= turbing numbers appear to reject all forms of authority, from what= even source derived, and they have taken refuge in a turbulent and inchoate nihilism whose sole objectives are destructive. I know of no time in our history when the gap between the generations has been wider or potentially more dangerous."[3)]

## 2.2 Omvang van studenteonluste

Van tyd tot tyd het studenteaktivisme baie verander ten opsigte van intensiteit en omvang, karakter en motiewe, organisasie en metodes. Gedurende die afgelope dekade egter, het studentebewegings oor die hele wêreld 'n drastiese proses van radikalisasie ondergaan.

Frans A. Pinner onderskei in hierdie proses, wêreldwyd besien, die volgende vyf simptome:

3) Horn, Francis A. Challenge and perspective in higher educa= tion. London, Feffer and Simans Inc., 1971, p. 217.

groter frekwensie van en hewiger insidente soos demonstrasies, stakings, okkupasie van geboue, gewelddadige botsing met polisie, ens.

partisipasie van groter aantalle studente ten opsigte van hierdie insi= dente;

intenser belangstelling, veral onder die aktiviste studenteleiers, in ideologiese kwessies saam met 'n herlewing van sosialistiese en anar= gistiese leerstellinge van die verlede;

die gebruik van nuwe metodes van aksie, veral die okkupasie van uni= versiteitsgeboue (sg. „sit-ins") en die sogenaamde „happenings" wat eerste gebruik is deur die Hollandse provo's;

die skielike verskyning gedurende krisistye van voorheen onbekende studenteleiers, soos bv. Daniel Cohn-Bendit in die Franse opstand en Rudi Dutschke in die Duitse.

Pinner beklemtoon dat hierdie vyf simptome twee onderliggende toe= stande reflekteer: groter beskikbaarheid van die studentemassa vir openbare optrede en 'n groter oorgawe van die leiers aan 'n beleid van totale opposisie teen die regime, 'n opposisie wat gebaseer is op 'n uitgebreide analise met gebruikmaking van die intellektuele gereed= skap van die Marxisme en anargisme met hulle moderne uitspruitsels.[4]

4) Pinner, Frank A. Western European student movements through changing times. (In Lipset, Seymour Martin and Altbach, Philip G., eds. Students in revolt. Boston, Beacon Press, 1970, pp. 60, 61.

Hierdie analise geld gedeeltelik ook vir die studenteaktivisme van die V.S.A. Die toon en karakter van die studenteprotes het ook hier dramaties verander. Dit het meer militant geword, dit het op meer kampusse voorgekom en meer dikwels en dit handel oor 'n groter ver= skeidenheid van sake. Gaandeweg het meer en meer studente ook daarby betrokke geraak. Daar het meer dreigende en werklike ont= wrigting van klasse en administrasie voorgekom. Meer insidente van eiendomsbeskadiging en lewensbedreiging was aan die orde van die dag. Die toneel het gaandeweg verander in 'n toneel van ulti= matums („demands"), aanklagte, beskuldigings, teenbeskuldigings, stakings, betogings, „teach-ins", traangas, knuppelswaaiery, gewere en bomme.

Opvoedkundiges, ouers, goewerneurs, lede van die V.S.A.-owerheid en selfs die president, het almal in die openbaar bekommernis uitge= spreek oor die toestand van ontaarding. Dit het o.a. ingehou dat administrateurs van universiteite deur studente as gyselaars aangehou is, dat studente universiteitsgeboue geokkupeer het, dat dosente ge= weier het om klas te gee, dat universiteitstydskrifte gesensureer en verban is, dat privaatspeurders gehuur is om op studente te spioeneer, dat navorsingstoekennings van die kant van die owerhede van die ver= skillende state teruggehou is, dat studente sover gegaan het as om hulle eie „vrye universiteite" te stig, ens.[5]

5) Johndal, H. Lynn. Unrest on the campus; a christian pers= pective. New York, Friendship Press, 1970, pp. 13, 14.

Die gevolge van hierdie en soortgelyke optrede het ook nie uitgebly nie. Dit het in die V.S.A. nooit die formaat aangeneem soos in Frankryk waar dit byna 'n regering tot val gebring het nie, maar dit het ten minste die regering en baie sensitiewe inrigtings, veral die universi= teite, geweldig geskud. Die aktiviste het bv. bepaalde universiteite geforseer om hulle verbintenis met militêre instansies te heroorweeg, en meer as eens het hulle bewys dat hulle die universiteit geheel en al tot stilstand kan bring. Hulle het eertyds vreedsame kampusse omgeskep in gevegsterreine, hulle het die polisie betrokke laat raak in bloedige skietvoorvalle in die strate, hulle het 'n opmars na die hoofsetel van die regering gemaak en die Nasionale Kongres in sy eie vergadersaal verkleineer. Nog nooit in die geskiedenis van die land het 'n klein groepie mense, wat in hulleself geen regeringsbevoegd= heid besit nie, so 'n skokkende indruk en soveel besorgdheid veroor= saak nie.[6)]

Jean-Francois Revel, byvoorbeeld, behandel in sy pasverskene op= spraakwekkende boek, „Without Marx or Jesus" (Engelse vertaling van die oorspronklike Franse werk „Ni Marx, ni Jesus") die hele aangeleentheid van die nuwe verwikkelinge in Amerika, waaronder ook die studenteaktivisme, onder die gesigspunt van revolusie. Volgens hom het 'n nuwe revolusie, wat beskou kan word as dié revolusie van

6) Kern, Edward. Can it happen here? Life, Vol. 67, No. 16, October, 17, 1969, p.69.

ons tyd, 'n aanvang geneem, en dit het in Amerika begin.[7] Die re= volusie het baie kante waarvan die mees opsigtelike die politieke en die kulturele is.

Op die kulturele vlak het die revolusie sy uitwerking reeds op die breë terrein van die samelewing laat blyk ten opsigte van sake soos kleredrag, haarstyl en selfs houdinge teenoor seks.

Die politieke effekte van die revolusie was ongetwyfeld groot. Talle fundamentele vrae is aan die deur van politieke instellings en die regering gespyker, waarvan die beantwoording nie vermy kon word nie. Terselfdertyd is die politieke sisteem aan die kaak gestel van= weë sy onvermoë om gebruik te maak van die losbrekende energie van duisende studente wat in onselfsugtigheid hoër prys gestel het op die regstel van onreg wat volgens hulle aan die gang is, as op hulle eie toekoms en veiligheid.

Die effek op sosiale gebied is ook allerweë gevoel omdat die teiken in baie gevalle die „Establishment" self was. Op die mees direkte wyse is egter die universiteite en die kolleges self getref. Dit was die terrein van die slagveld in die meeste gevalle. Daar is die oorlogs= krete aangehef, die krygsbasuine geblaas, taktiek en strategie uitge= toets en daar het die meeste gisting, woeling, ontwrigting en selfs geweld plaasgevind. Die revolusie op die kampus het owerhede

7) Revel, Jean-Francois. Without Marx or Jesus; the new Americ= an revolution has begun. New York, Doubleday and Co., Inc., 1971.

geforseer om 'n herwaardering te maak van die universiteit se funksies, sy beheer en sy plek in die samelewing.

'n Onvermydelike gevolg van kampusoproer was ook die reaksie van die breë lae van die bevolking. Hierdie reaksie was nie altyd wel=oorwoë en rasioneel nie. Emosionaliteit het vanselfsprekend ook 'n rol gespeel. Besorgdheid oor verskynsels wat as 'n erosie van standaar=de, 'n verlies van moraliteit en 'n terugkeer tot brute geweld geïnter=preteer is, het baie Amerikaners laat glo en konstateer dat uitsluitlik harde maatreëls kampusonrus kon besweer.

Miskien die mees verreikende gevolg van hierdie verskynsel was dat dit die voorwerp van baie wetgewing geword het. Teen die helfte van 1970 het meer as dertig state van die V.S.A. 'n totaal van byna tagtig wette oor kampusonrus gepromulgeer.[8)]

## 2.3 Enkele voorbeelde

### 2.3.1 Die Berkeley-opstand

Studenteonluste in die V.S.A. vertoon 'n besonder ingewikkelde beeld, sodat dit onmoontlik is om die aksies en reaksies, die motiewe en doelstellinge, die metodes en beplannings, te beskryf en te interpreteer,

8) The report of the President's commission on campus unrest. (Scranton, William W., Chairman). New York, Arno Press, 1970, p.40.

sonder om aandag te gee aan ten minste enkele tipiese onluste.

Eerste waaraan ons aandag gee, is die Berkeley-opstand in 1964. Dit het nie in 'n vakuum plaasgevind nie, maar is voorafgegaan deur 'n reeks van gebeurtenisse vanaf die begin van die sestigerjare. Be= langrikste hiervan was die burgerregtebeweging in die suidelike State waar nie-blanke studente met al groter wordende ondersteuning van blanke studente op gelyke regte aanspraak gemaak het. Dit het meest= al die vorm van nie-gewelddadige aksie by wyse van sogenaamde „sit-ins" aangeneem.

In die herfs van 1964 was daar op die kampus van Berkeley steeds toenemende protesdemonstrasies en gemeenskapsdiens, wat op aange= leenthede soos burgerregte, oorlog en vrede, die kwaliteit van onder= wys en die toestand van die behoeftiges gefokus was.[9)]

Bowendien moet in ag geneem word dat die studente van Berkeley vanaf die begin van die sestigerjare reeds ywerig en kragtig hul met politieke aktiwiteite besig gehou het, miskien meer as enige ander Amerikaanse universiteit. Voortdurend was aksies van verspreiding van politieke pamflette aan die gang. Advertering van politieke ver= gaderings en aksies was aan die orde van die dag. Hierdie aksies het die mees uiteenlopende menings verteenwoordig. Nathan Glazer beweer in 'n artikel: „What happened at Berkeley?" dat die belang= rikste groepe sosialiste was - evolusionêr en revolusionêr; verder

9) Ibid., p. 40.

burgerregorganisasies, soos die „Committee on Racial Equality" (CORE); vriende van die „Student Non-violent Co-ordinating Committee" (SNCC); jong demokrate; jong republikeine en konserwatiewes.[10)]

Binne hierdie konteks van opinies en aktiwiteite het die Berkeley-opstand plaasgevind. Die president se kommissie op kampusonrus onder voorsitterskap van William W. Scranton, wys daarop dat wat in Berkeley gebeur het, meer is as die som van die gebeurtenisse. „The events on that campus in the autumn of 1964 defined an authentic polit= ical invention - a new and complex mixture of issues, tactics, emotions, and setting - that became the prototype for student protest throughout the decade. Nothing quite like it had ever before appeared in America, and it is with the nature and evolution of this long-lived invention, in all its variations, that this Commission is concerned."[11)]

Dit is geen wonder nie dat oor die Berkeley-opstand in die loop van die afgelope sewe jaar meer gepubliseer is as oor enige ander enkele

10) Glazer, Nathan. What happened at Berkeley? (In Lipset, Seymour Martin and Wolin, Sheldon S., eds. The Berkeley Student Revolt. New York, Doubleday and Co. Inc., 1965, pp. 286, 287.) Cf. vir meer besonderhede: Miles, Michael W. The Radical probe; logic of student rebellion. New York, Atheneum, 1971, pp. 86, 88; De Moor, R.A. Studentenprotest en universiteit. Rotter= dam, Universitaire Pers, 1970, pp. 30, 31; Horowitz, Irving Louis and Friedland, William H. The knowledge factory. Chicago, Aldine Publishing Company, 1970, pp. 49, 50; Wolin, Sheldon S. and Schaar, John H. The Berkeley rebellion and beyond. The New York Review, 1970, pp. 7 v.

11) The report of the President's commission on campus unrest, pp. 22, 23.

kampusopstand.[12)]

'n Kort opsomming van die feite is hier relevant. In die laat somer van 1964 het die universiteitsadministrasie 'n ou reël wat daarop neer=kom dat politieke groepe verbied word om fondse in te samel en deel=nemers te rekruteer vir politieke doeleindes op die kampus van toe=passing gemaak. Tot op daardie datum is sodanige aktiwiteite wel toegelaat op 'n bepaalde afgebakende strook grond van 26 voet breed aan die kant van die kampus. Die afgekondigde reël sou voortaan ook op dié stuk grond van toepassing wees. Hierteen het die studen=teaktiviste in opstand gekom met die besluit om hierdie reël blatant te oortree, waarna agt van hulle geskors is. Op 1 Oktober het kampuspolisie 'n nie-studenteaktivis vir oortreding van genoemde reël gearresteer. Toe die polisie poog om hom in 'n polisiemotor te ver=wyder, het studente op spontane wyse met 'n „sit-in" begin, wat die motor met sy insittendes verhinder het om te beweeg vir 'n periode

12) Cf. Cohen, Mitchel and Hale, Dennis, eds. The New Student Left: An anthology. Boston, Beacon Press, 1967. Belangrik is die toespraak van Mario Mavio, die leier van die 1964 op=stand te Berkeley op pp. 254 - 256;
Draper, Hal. Berkeley: The new student revolt. New York, Grove Press, 1965;
Lipset, S. M. and Wolin, S. S., eds. The Berkeley student revolt. Garden City, Anchor Books, 1965;
Miller, Michael and Gilmore, Susan, eds. Revolution at Berkeley. New York, Dell, 1965;
The culture of the university: Governance and education. Report of the study commission on university governance. Berkeley, University of California, 1968.

van twee-en-dertig uur. Meer as seshonderd studente het aan hier=die aksie deelgeneem. Met 'n belofte van die universiteitsowerheid dat geen klag teen die studente gelê sal word nie, is hulle uitmekaar.

Na twee maande is deur die universiteitsowerheid aangekondig dat ses van die agt geskorste studente daarvan onthef sou word en dat die ander twee 'n proeftyd moes deurmaak. Kort daarna is nuwe dissi=plinêre maatreëls egter teen vier van die studente afgekondig. Hierna het 700 studente met 'n „sit-in" vir twee dae lank in die administrasie=gebou begin. Die goewerneur van die staat van Californië het 'n einde aan die „sit-in" gemaak deur ongeveer 'n gelyke getal polisie na die onlustoneel te stuur wat die studente een vir een uit die gebou verwyder het. Daar is honderde studente gearrerteer en baie klagte van polisiebrutaliteit is in verband daarmee verneem.

Die inisieerder van die studenteverset was die „Free Speech Movement". Waar hierdie beweging vóór die optrede van die polisie die ondersteu=ning van hoogstens 2500 studente gehad het, het die toestand hierna drasties verander omdat groot getalle studente en dosente hulle met die doelstelling van die beweging vereenselwig het. Die spontane staking van werksaamhede deur studente wat hierop gevolg het, het die universiteitsaktiwiteite vir enkele dae tot stilstand gebring.[13)]

13) The report of the President's commission on campus unrest, pp. 23, 24. Cf. Lipset. Student politics, p. 202; Lee, Calvin B. T. The campus scene, 1900-1970. New York, David McKay Co. Inc., 1970, p. 119; Lipset and Wolin. The Berkeley student revolt, pp. 288 v.

Die akademiese fakulteit (senaat) het na die optrede van die studente uiteindelik gekapituleer. Dit het ingehou dat die studente ten opsigte van hulle agitasie vir vrye spraak geheel en al geslaag het. Geen enkele beperking sou daar verder ten opsigte van vrye meningsuiting wees nie. Daar is selfs op die fakulteit 'n amendement verwerp waarin die grondwetlike beginsel geformuleer is dat vryheid van spraak hom nie sou uitbrei tot 'n pleidooi vir en die organisering van dade van geweld nie. Die oortuiging van die fakulteit was dat, by eventuele misbruik van die reg om vryheid van meningsuiting, die regter van die senaat, die openbare hof naamlik, 'n uitspraak sou moes gee. Feuer kommentarieer hierdie optrede van die universiteit deur daarop te wys dat die universiteit hom wel van 'n beoordeling kon onttrek, maar die moeilikheid was dat die burgerlike regsinstansies tradisioneel die outo=nomie van die universiteit erken het en dit in die reël aan die univer=siteitsowerheid oorgelaat het om die sake op die kampus te reël. Deur die optrede van die fakulteit en die beslissing wat gevel is, het daar, volgens Feuer, in feite 'n morele en politieke vakuum ont=staan.[14)]

Na die winterreses het die toestand weer tot die normale teruggekeer en is van alle kante pogings aangewend om op universiteitsvlak her=vormingsmaatreëls toe te pas.

14) Feuer, Lewis S., op. cit., pp. 441 v.

Die belangrikheid van die Berkeley-gebeure word allerweë erken, veral omdat dit 'n konfrontasietegniek rondom die burgerregbeweging aan die gang gesit het wat oral navolging sou vind. Dit was waarskynlik die eerste groot en blykbaar geslaagde voorbeeld van massa-studenteakti= visme. Die aktiviste onder die studente wat aanvanklik 'n handjievol was, het besef dat hulle 'n geweldige slaankrag kon opbou indien hulle ook die simpatie van ander studente op die kampus kon monster. Hierin het hulle geslaag deur 'n besondere taktiek toe te pas. Dit sou later in baie gevalle nagevolg word. Wat vir die aktiviste van die meeste belang was, was die feit dat hulle tot die oortuiging gekom het dat hulle op geslaagde wyse die universiteitsadministrasie, die po= lisie en in 'n sekere sin die gehele gemeenskap die hoof kon bied. Hulle het 'n metode gevind om hulle griewe aan die man te bring. Dit het 'n konfrontasie geword tussen die studente en die hele univer= siteit en groot elemente van die gemeenskap waardeur die studente blyke gegee het dat hulle die „Sisteem" („Establishment") nie meer wou aanvaar nie.

## 2.3.2 Die Columbia-opstand

Die studentedemonstrasies aan die Columbia-universiteit te New York in die lente van 1968 het 'n ontsaglik groot en ernstige institusionele krisis veroorsaak, wat onder andere ingehou het: die ontwrigting van die universiteit vir twee maande, die arrestasie van meer as 800 studente, die besering van byna 250 studente en dosente en die moontlikheid van aanhoudende konflik.

Die gebeurtenisse in Columbia het ook 'n lang voorgeskiedenis, gesen= treer om die konfrontasie tussen studente en administrasie ten aansien van sekere beleidspunte van die universiteit. Ten tye van die opstand het die eise van die studente in die drie volgende aangeleenthede ge= kulmineer:

* beswaar teen die bou van 'n gimnasium in Morningside Park, wat parkeeraria sou ontneem aan die swart buurt van die universiteit;

* opposisie teen die universiteit se verbintenis met die instituut vir verdedigingsanalise wat in die oë van die studente medeplig= tigheid aan die oorlog in Viëtnam ingehou het;

* opposisie teen dissiplinêre stappe wat geneem is teen ses leiers van die organisasie, „Students for a Democratic Society" (SDS), vir die verbreking van reëls teen binnemuurse demonstrasies.

Kortliks kom die konfrontasie tussen studente en administrasie van April tot Junie 1968 op die volgende neer:

'n studente-„sit-in" in Hamilton Hall, administrasiegebou van Columbia-kollege, en die gevangehouding van 'n dekaan vir 24 uur;

die okkupasie en versperring van vyf universiteitsgeboue vir vyf dae deur ongeveer 800 studente;

Die inroep deur die administrasie van 1000 polisiebeamptes om die demontrateurs te verwyder, wat op die arrestasie van ongeveer 700

studente en die besering van 150 studente en dosente uitgeloop het;

'n massiewe staking deur 500 studente;

die besluit van die administrasie om die staking te stuit deur die kan= sellering van formele klasse en eksamens vir die res van die akade= miese jaar;

die hervatting van dissiplinêre maatreëls teen studenteaktiviste, wat tot 'n tweede studente-„sit-in" te Hamilton Hall gelei het;

die arrestasie van omtrent 200 studente en die besering van nog 68 in 'n tweede polisie-aksie;

studentegeweld gedurende die tweede polisie-aksie;

die skorsing van omtrent 75 studente deur die universiteitsowerheid.[15)]

In sekere opsigte is die Columbia-studenteopstand die ernstigste van die sestigerjare. Die vernietiging van eiendom en rekords het universiteitsamptenare skade van honderde duisende dollars meege= bring. Verder het volgens 'n bepaalde opname (Bartonopname) 42% van alle studente en waarskynlik 'n groter persentasie voorgraadse studente die algemene boikot van klasse gesteun. Die estimasie is

15) Trimberger, Ellen Kay. The dynamics of a student revolution. (In Becker, Howard S. ed. Campus power struggle. U.S.A., Aldine Publ. Co., 1970, pp. 34, 35.)

dat byna 5000 studente op aktiewe wyse georganiseer is.[16)]

Die Columbia-opstand het verskeie kontoere van die hele aangeleent= heid van studenteaktivisme baie duideliker na vore gebring. Die be= langrikste daarvan is die volgende:

In die eerste plek het dit duidelik geword dat die leiers onder die ak= tiviste, by name die „Students for Democratic Society", klaarblyklik die universiteit as 'n mikrokosmos van die hele samelewing gaan beskou het. Die universiteit is in hulle oë die „Establishment" of die „System" in die kleine, en as die samelewing siek en korrup is, geld dit ook vir die universiteit. Tot hierdie oortuiging het die leiers geraak vanweë die betrokkenheid van die universiteit by sekere oorlogsaangeleenthede, veral oorlogsnavorsing. Die konklusie is ge= trek dat die universiteit direk by die oorlog betrokke is, en daarom het dit die voorwerp van die aanval geword. Dit was ten minste een van die strydpunte.

16) Ibid., p. 39. Cf. The report of the President's commission on campus unrest, pp. 35 - 41;
Lee, Calvin, op. cit., pp. 131, 132;
Bell, Daniel. Columbia and the New Left. (In Bell, Daniel and Kristol, Irving. Confrontation; the student rebellion and the universities. New York, Basic Books, 1968, pp. 67 - 107.);
Starr, Roger. The case of Columbia gym. (In Bell, Daniel and Kristol, Irving, op. cit., pp. 108 - 127);
Wallerstein, Immanuel and Starr, Paul. The university crisis reader II. New York, Vintage Books, 1971, pp. 160 - 162;
De Moor, R.A. op. cit., pp. 31, 32.

In die tweede plek het duidelik aan die lig gekom dat, wat die taktiek van die aktiviste betref, daar op die metode klem gelê is, nl. eers dade, dan woorde. Dit kom neer op 'n totale toewyding of oorgawe aan („commitment to") die doelstelling. Die daad was in hierdie ge=val die besetting van 'n gebou vir 'n geruime tyd en as gevolg daar=van die polarisering van die antagonistiese gevoelens nadat polisiehulp ingeroep is. Hierdie optrede van totale oorgawe of toewyding het dwarsdeur die sestigerjare onder die radikaliste 'n besonder groot rol gespeel.

In die derde plek het met die Columbia-opstand aan die lig gekom dat die konfrontasie van die studente meer op die oog gehad het as alleen maar weerstand of protes teen sekere gebruike en prosedures.[17) ] Tom Hayden, wat verantwoordelik was vir die heel belangrike eerste formulering van die SDS se beleid, die sogenaamde „Port Huron mani=festo", gee uiting aan die rigting waarin die eise van die studente vanaf Columbia sou beweeg. Die studente, so beweer hy, sou nie langer meer tevrede wees om slegs nuwe voordele, selfs vir hulleself, te bekom nie; hulle sou ook aandring op medeverantwoordelikheid in die neem van besluite.

In sy artikel in „Ramparts" op 15 Junie 1958 onder die opskrif „Two, Three, many Columbias" het hy hierdie saak ook na vore gebring. In die artikel het hy duidelik eers die verandering in die taktiek van

17) Cf. Bell, op. cit., pp. 95, 96.

die weerstandsbeweging beklemtoon en daarna daarop gewys dat dit vanaf Columbia 'n dieper en sterker politieke boodskap dra. Sy be= toog lui soos volg: Columbia het 'n hele nuwe taktiese stadium in die versetbeweging wat met die vorige herfs begin het, ingelui: van oornagtelike besetting van geboue tot permanente okkupasie; van „mill-ins" tot die stigting van revolusionêre komitees; van simboliese sivie= le ongehoorsaamheid tot verskerpte „barricaded" verset. Hierdie tak= tiek is nie alleen reeds op ander kampusse herhaal nie, dit sal beslis op veel meer militante wyse oortref word. Dit is selfs moontlik dat studente in die toekoms sal dreig om geboue te vernietig as 'n laaste afskrikmiddel teen polisie-aanvalle. Hierdie taktiek kan ook gebruik word in kleiner „hit-and-run" operasies tussen opstande deur, byvoor= beeld klopjagte op die kantore van professore wat wapennavorsing doen. Hierdie optrede mag die studente se ondersteuning geniet as gevolg waarvan die universiteit nog meer blatant onderdrukkend sal optree.

Die Columbia-opstand was egter meer as net 'n nuwe taktiese beweging. Dit het ook 'n politieke boodskap gedra. Die studente het hulle nie bepaal by die opvatting van studente as 'n bevoorregte stand wat vra vir insluiting in die universiteit soos dit tans is nie. Hierdie ver= soek sou maklik deur die universiteitsowerhede toegestaan kon word by wyse van die beskikbaarstelling van minder belangrike geleenthede vir „studenteregte" terwyl hulle toeslaan op die radikale studente. Die Columbia-studente het hulleself egter gesien vanuit 'n internasionale en revolusionêre gesigspunt, deur die imperialisme en selfs die inrig= tings waar hulle hulle opvoeding en voorbereiding ontvang het, te oppo= neer. Hulle wou selfs nie ingesluit wees in die besluitnemende kringe van die militêr-industriële kompleks wat Columbia beheer nie; hulle

wou slegs deel hê aan die herskepping van die universiteit. Hulle wou 'n nuwe selfstandige universiteit hê wat teen die hoofstroom van die Amerikaanse samelewing opstaan, of so nie wil hulle geen univer= siteit hê nie. Hulle is, in Fidel Castro se woorde, „guerillas in the field of culture".[18)]

## 2.4 Waarom studente?

Die vraag kom op waarom juis studente die voortou in die revolusio- nêre aksies geneem het. In die algemeen gesproke is jongmense meer beskikbaar vir nuwe politieke bewegings as volwassenes. Lipset wys daarop dat hulle minder aan bestaande ideologieë verbind is; hulle het min of geen duidelik politieke verbintenisse nie; hulle het geen vorige persoonlike posisies om te verdedig nie; hulle word minder geïdenti= fiseer met persone en instellings wat vir die status quo verantwoorde= lik is; en hulle is minder op hoogte met resente geskiedenis as vol= wassenes. Bowendien het studente nog geen definitiewe beroepsver= pligtinge nie. Hulle kan vir korter of langer periodes hulle studie nalaat of verwaarloos, sonder noodwendig ernstige gevolge.[19)]

18) Hayden, Tom. Two, three, many Columbias. (In Wallerstein and Starr, op. cit., pp.163, 164.)

19) Lipset, Seymour M. American student activism. (In Weaver, Gary C. and Weaver, James H. The university and the revolution. Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall, 1969, p.32.)

Nou verbonde hieraan is die faktor van verantwoordelikheid, 'n saak wat Philip G. Altbach ook beklemtoon. Finansiële en sosiale verant= woordelikheid sowel as onderworpenheid aan gereelde kontrole van buite, is nie op die hedendaagse student van toepassing nie. As gevolg van hulle omstandighede kan studente dikwels dit bekostig om risiko's te loop wat ander persone in die samelewing met meer verantwoordelik= hede nie kan loop nie.

Naas die genoemde faktore wat die lewe van die student kenmerk, is dit ook 'n feit dat die gemeenskap in die reël 'n permissiewe houding teenoor studenteaktiwiteite openbaar. Drastiese politieke optrede van die kant van studente word selfs deur die owerheid minder ernstig bejeën.

Die bestaande tradisie onder baie volkere dat studente intellektuele, politieke en fisiese vryheid mag geniet, het in baie gevalle as 'n sti= mulerende faktor gedien vir studentebewegings. Op sterkte van die tradisie is aksies aan die gang gesit met min gevaar vir relatief ernstige dissiplinêre maatreëls.[20)]

Omdat studente in hulle akademiese werk voortdurend met idees en intellektuele bespiegelinge besig is, is hulle beter in staat om abstrak= te ideologiese sisteme te verstaan en is hulle ook meer ontvanklik vir

20) Altbach, Philip. The student revolution: A global analysis. Bombay, Lalvani Publishing House, 1970, pp. 52 - 54.

ideologies georiënteerde bewegings en doelstellings. Hierdie feit het in die verlede die ontstaan en groei van studentebewegings kenmerkend gestimuleer.

As gevolg van genoemde faktore het studente in baie lande 'n belang=rike rol gespeel in die stimulering van onrus, in die inisiëring van revolusies en die totstandbrenging van verandering. Bekend is die rol van studente in die Franse Revolusie van 1848, die Russiese revo=lusionêre beweging tot 1905, diverse Sjinese bewegings gedurende die 20ste eeu en baie ander revolusionêre aksies.[21)]

Met hierdie voor-die-hand-liggende karakteristieke word hier volstaan. By die ontleding van die diepere sosiale agtergrond van studenteaktivis=me word later aandag gegee aan die studentesubkultuur as afsonderlik geartikuleerde komponent van die moderne jeuggenerasie.

21) Lipset, Seymour Martin. American student activism in compar=ative perspective. Seminar on Manpower Policy and Program. Washington D.C., U.S. Department of Labour, 1968, p.8. Cf. Lipset, Seymour Martin and Altbach, Philip G., eds. Students in revolt. Boston, Houghton Mifflin Comp., 1969, pp. XVI, XVII.